

Die Afrikaanse Gesangberyming

deur Prof. E. C. PIENAAR

MET die invoering van die Afrikaanse Bybel in 1933 het vanself ook die behoefte ontstaan aan 'n Afrikaanse Kerksangbundel, en soos in die geval van die Bybelvertaling het die verskillende Afrikaanse Kerke ook hierdie taak met verenigde kragte aangepak deur middel van 'n gesamentlike Revisiekommissie, bestaande uit verteenwoordigers van die verskillende Kerke. Vanselfsprekend het die Psalms die eerste aan die beurt gekom, en die beryming daarvan het teen hierdie tyd ook reeds in 'n vry gevorderde stadium verkeer, omdat Totius in opdrag van die Geref. Kerk reeds sedert 1920 daarmee doende was en sy taak teen die end van 1933 feitlik voltooi was. Die werk het dan ook sodanig gevlot dat die gesamentlike Revisiekommissie dit teen die end van 1935 kon afhandel, en in Julie 1937 het die Psalmboek by die Nasionale Pers verskyn en is dit feestelik deur die Geref. Kerk in ontvangs en gebruik geneem.

Daarna is deur verteenwoordigers van die gefedereerde Ned. Geref. Kerke en die Ned. Herv. Kerk 'n aanvang gemaak met die beryming van die Gesange, waarvan 'n honderdtal toe reeds deur dr. G. B. A. Gerdener bewerk was en in 1931 in „Die Nuwe Halle-luja” verskyn het saam met 75 Psalms van die hand van Totius. Hierdie taak is eindelik in 1942 afgehandel, en die verskyning van die gesamentlike Psalm- en Gesangbundel kan in die loop van hierdie jaar tegemoet gesien word.

Na aanleiding daarvan wil ek as lid van die kommissie wat met die taak belas was, hier op versoek van die redaksie een en ander meedeel oor die Gesangberyming. Die historiese verloop daarvan is reeds in „Die Triomf van Afrikaans” geskets, en die hele ontstaan daarvan sal breedvoeriger in 'n afsonderlike brosjure behandel word. Ek bepaal my hier dus alleen tot enkele aspekte van die interne wordingsgeskiedenis van die Afrikaanse Gesange, ten einde die leser te laat sien hoe die tekste ontstaan het en met watter, soms haas onoorkomelike, moeilikhede ons te doen gekry het by hierdie moeisame taak wat grotendeels tydens vakansies verrig moes word.

Die Afrikaanse tekste wat u in ons nuwe Gesangboek sal aantref, is grotendeels 'n verwerking van die tot dusver in ons Kerk gebruikte 192 „Evangeliese Gezangen.” Daar is egter 'n hele aantal minder bekende en ook minder gebruikte van hierdie ou tekste geskrap en vervang deur bewerkings uit die Nederlandse „Vervolgbundel op de Evangelische Gezangen,” bestaande uit die nommers 193-274, wat sedert 1866 by die Hervormde Kerk in Holland in gebruik is. Verder is van baie ou Gesange afsonderlike verse geskrap, of ten dele of heeltemal gewysig, terwyl sekere skraal rubrieke aangevul is deur bewerkings uit die Vervolgbundel of deur heeltemal oorspronklike werk. Van die gedagte om sekere klassieke liedere in ons nuwe Gesangboek op te neem, moes ten slotte om verskeie redes afgesien word, sodat die nuwe bundel net een teks meer bevat as die oue, d.w.s. 193 Gesange.

In baie opsigte verskil die nuwe bundel dus radikaal van die oue, maar tog sal die meeste ou bekende en geliefde tekste, baie

waarvan deur veelvuldige huislike en kerklike gebruik klassiek geword het, deur kenners van ons ou Gesangboek hier teruggevind en maklik herken word, al het die Afrikaanse taalstruktuur natuurlik die oorspronklike woordbeeld daarvan aanmerklik gewysig. Ons oumense sal maar aan die nuwe woordbeeld moet wen, soos hulle dit in die geval van die nuwe Bybel ook maar moes gedoen het. Nou is daar sekere eienaardige moeilikhede waarvoor die berymer te staan kom as hy 'n Nederlandse vers in dieselfde metriese vorm wil *verafrikaans*, want die oorspronklike versvorm is natuurlik op 'n bepaalde melodie gebaseer. Wil jy dus die oorspronklike melodie behou, dan kan jy nie van die oorspronklike versvorm afwyk nie. En nou bring so baie van die ou geliefde kerkmelodieë dit mee dat in die meeste gevalle die helfte van die versreëls op slepende uitgangte moet eindig, waarby nog die verdere beswaar kom dat sulke uitgangte rympare moet vorm. En dis juis hier waar Afrikaans jou al dadelik in die steek laat, omdat so baie slepende uitgangte van die Nederlandse taalvorm in ons Afrikaanse taalvorm nie meer bestaan nie. Jy is dus maar baie selde in staat om letterlik te kan vertaal.

Laat my hierdie moeilikheid deur 'n konkrete voorbeeld ophelder. Ons sal die bekende sewende vers van Ges. 58 bekyk. Hier is die ou teks:

Ruwe stormen mogen woeden,
Alles om mij heen zij nacht,
God, mijn God sal mij behoeden,
God houdt voor mijn heil de wacht.

Moet ik lang zijn hulp verbeiden,
Zijne liefde blijft mij leiden:

Door een nacht, hoe zwart, hoe dicht,
Voert Hij mij in 't eeuwig licht.

U sien daar is twee staande rympare: *nacht — wacht* en *dicht — licht*, en daar is twee slepende rympare: *woeden — behoeden* en *verbeiden — leiden*. Veronderstel nou dat jy hierdie vers woord vir woord in Afrikaans kon oorsit (wat nie die geval is nie), dan sou jy die slepende rympare kon vervang deur *woed — behoed* en *verbei — lei*, dit sou dan wel goeie Afrikaans wees, maar dan klop jou woorde nie met die melodie nie, want jy het een sillabe te min. Daar moet dus 'n ander plan gemaak word as jy die bekende melodie wil behou en daarby so min moontlik van die ewe bekende woorde wil afwyk.

Er, hoeveel hoofbrekens het dit nie gekos om daardie plan te maak wat hierdie twee onversoerbare uiterstes tog op 'n manier met mekaar sou versoen nie!

Van al die bewerkings wat van tyd tot tyd onder ons aandag gekom het, kan die volgende as voorbeelde dien om die sukkelgang te laat sien wat hierdie vers, soos honderde ander, moes deurmaak om tot 'n enigins bevredigende oplossing te geraak. Gerdener se oorspronklike lesing het as volg gelui:

Is die storme ru in woede,
Alles om my donker nag,
God, my God, hou troue hoede,
Hy hou vir my heil die wag.
Moet ek lank wag vir bevryding,
Immer skenk sy liefde leiding;


Deur 'n nag, hoe swart, hoe dig,
Voer Hy my in ewig lig.

D. F. Malherbe het dit aldus gestel:

Ruwe storme in hul woede,
alles, alles om my nag —
tog hou God my in sy hoede,
Hy hou vir my heil die wag.
Was ook lang my hulp-verbeide,
'k wis, sy liefde is trou geleide:
deur 'n nag hoe swart, hoe dig,
voer Hy my in ewig lig.

'n Poging van skrywer hiervan om in die eerste vier reëls die slepende uitgangte te vervang deur enjambering, en daardeur die Nederlandse rympare *woeden — behoeden* te „dwing” om feitlik net so Afrikaans te word, het geen genade gevind in die oë van die

In alle opsigte bevredigend is hierdie teks seker nog nie. Maar hoe kan jy nou ook verwag om van 'n Nederlandse beryming 'n absoluut korresponderende Afrikaanse beryming te maak wat aan die eise van die verskuns sowel as van jou eie taalstruktuur sal beantwoord? Sels 'n geroetineerde digter soos Totius moes by die Psalmberyming met hierdie probleem worstel en het nie altyd daarin geslaag om 'n volkome bevredigende oplossing te vind nie. Daarom het ons ook gaandeweg die gedagte laat vaar om, veral met die oog op die ouer geslag, die oorspronklike woordbeeld van bekende en geliefde tekste soveel moontlik te probeer behou, en al meer die voorkeur gegee aan vryer bewerkings of oorspronklike skeppings. Want alleen langs



Die Skrywer.

kommissie nie. Ek laat dit hier volg:

Ruwe storme mag daar woed en alles om my word soos nag,
God, my God, sal my behoed en oor my heil hou troue wag.
Moes ek soms sy hulp verbei het —
onbewus dat God gelei het —
tog was Hy my steeds naby,
was my Leidsman aan my sy.

Interessant is dit om hierby ook te kyk na die volgende beryming van Langenhoven, soos dit reeds in 1922 in 'n bundeltjie van hom verskyn het:

Gaan ook storme woes tekere,
Is daar om my donker nag,
My bewaarder is die Here —
Hy hou vir my heil die wag.
Voel ek hulp'loos in my strewe,
Tog Sy liefde lei my lewe,
Deur die nag hoe swart hoe dig,
Tot Sy ewig wonderlig.

Uiteindelik het ons dan tot die volgende finale teks geraak, soos dit nou in ons nuwe Gesangboek voorkom:

Ruwe storme breek in woede,
alles om my heen is nag;
tog hou God my in sy hoede,
Hy hou vir my heil die wag.
Moes ek lank sy hulp verbei het,
dit was Liefde wat gelei het:
deur 'n nag, hoe swart, hoe dig,
voer Hy my in ewige lig.

hierdie weg het dit moontlik geblyk om eventueel tot 'n suiwerder en meer spontane Afrikaanse versifikasie te geraak. Buitendien is die Gesangboek tog in die eerste plaas bedoel vir die opkomende en nie vir die heengaande geslag wat met die ou Gesangboek grootgeword het nie. Laat lesers van die ou garde dit in gedagte hou as hulle miskien tevergeefs soek na een of ander vers of versdeel waaraan hulle persoonlik baie verknog was. Ook die berymers moes meermale noodgedwonge hul eie piëteitsgevoel ten offer bring aan die eise van ons Afrikaanse spraakwerklikheid.

Nog 'n baie bekende vers wat ontsaglik veel hoofbrekens veroorsaak het (juis omdat sommige reëls daarvan toevallig letterlik oorgeneem kon word, terwyl dit met ander hoegenaamd nie die geval was nie) is Ges. 7: 1. Hier is die bekende ou teks:

Op bergen en in dalen,
En overal is God,
Waar wij ook immer dwalen
Of zitten, daar is God;
Waar mijn gedachten zweven
Of stijgen, daar is God;
Omlaag en hoog verheven,
Ja, overal is God.

Hier het ons weer twee slepende rympare, terwyl die vier staande ryme uit dieselfde woord bestaan,

waardeur die alomteenwoordigheid van God met stygende aksentuering beklemtoon word. Dit sal elke leser dadelik opval dat die eerste en laaste twee reëls met geringe spellingwysiging net so oorgeneem kon word:

Op berge en in dale;
en overal is God;

.....
omlaag en hoog verhewe —
ja, overal is God!

Die Akademie-woordelys erken wel alleen die vorm *oral(s)*, maar skryftaal en veral letterkundige taal, temeer nog in versvorm, is nie altyd sinoniem met spreektaal en hoef dit ook nie te wees nie. Buitendien erken die Akademie nog sulke vorme soos *overheid*, *overpriester* en meer ander. Daarom het ons nie geaarsel om die woord *overal*, waar metrum of rym dit vereis het, weer in ere te herstel nie. Dit het ook gebeur met allerlei ander verouderde of reeds in onbruik geraakte woordvorme. Wat ook nie in stryd is met die wese van ons taal nie, want selfs ons alledaagse spreektaal het nog allerlei ou Nederlandse taalvorme bewaar, soos bv. *ter elfder ure*, *ter sprake* (bring), *in gebreke* (bly), *ten opsigte*, *ten behoeve*, *ten gevolge van*, *steen des aanstoots*, *brood der smarte*, *te hope*, *te wagte*, *te danke*, *beskonke*, *onbesproke*, *ingenome*, *afgetrokke*, *verdagte*, *onverskrokke* en 'n menigte meer.

Wat die vier versreëls hierbo betref, was die saak dus dadelik *gevonde* (kyk, weer so 'n mooi ou Nederlandse erfstuk wat nog fonkelnuut en springlewendig is in die Afrikaanse volksmond en ons taal seker armêr sou laat as dit ooit verdring moes word deur *gevind*). Maar met die derde versreël het die moeilikheid begin, want daar is wel verskeie woorde wat rym op *dale*, maar *dawale* is ongelukkig nie een van hulle nie. Hier moes dus al weer 'n plan gemaak word.

Langenhoven het indertyd in reeds genoemde bundeltjie baie naby gekom aan die oorspronklike Nederlandse versreëls; wat later deur ander vervang is, nl. „In 's wêrelds weeldezen/in d' arme hut is God” (Van der Pauw, 1793, volgens Sturm, 1786), wat hy as volg weergegee het: „In ryke weelde-sale/in strooihuisies is God.” Ons het egter van sy berymings geen gebruik gemaak nie, omdat kragtens testamentêre beskikking niks daaraan verander mog word nie; jy moes sy hele teks net so oorneem of jy moes dit net so laat staan.

Die volgende is enkele van die berymings van hierdie vers wat op een of ander stadium voor die Revisiekommissie gekom het:

Op berge en in dale,
En overal is God;
Hy ken nóg perk nóg pale,
Net waar ons gaan, is God!
Al sweef ook my gedagte,
Of styg dit, daar is God;
Sels deur die donker nagte,
Ja, overal is God.
(Gerdener)

Op berge en in valleie,
en overal is God.
Waar ons in wêreldweie
mag swerwe, daar is God.
Waar my gedagtes sweve
of opklim, daar is God;
omlaag en hoog verhewe,
ja, overal is God.
(Malherbe)

Op berge en in dale
En oweral is God.
In hutte en in sale,
Of wáar ons swerf, is God.
Waar my gedagtes swewe,
Of opstyg, daar is God.
Omlaag en hoog verhewe,
Ja, oweral is God.

(Hartwig)

Die volgende het ten slotte die finale teks geword:

Op berge en in dale,
en oweral is God;
waar ons ook telkemale
mag swerwe, daar is God!
Waar ons gedagtes swewe
of styg, ook daar is God;
omlaag en hoog verhewe —
ja, oweral is God!

Uit die voorbeelde wat ek tot dusver aangehaal het, blyk duidelik hoe beswaarlik dit gaan om 'n beryming van 'n beryming te maak wat darem iets meer sal wees as net maar 'n beryming, dit wil sê net maar 'n aantal versreëls wat paarsgewyse rym. Maar dit het nou eenmaal kerklike tradisie geword dat 'n gesangvers moet rym anders deug dit nie as gesangvers nie, en as kinders het ons die Psalms en Gesange dan ook leer ken as „versies” wat uit die hoof geleer en opgesê moes word voordat ons hulle leer sing het. Herhaaldelik het ek, terwyl ons met hierdie taak besig was, daarvoor gepleit om minder op die rymwoorde te let en die nadruk te laat val op 'n meer spontane, sy dit dan ook rymlose, metriese vertolking van 'n bepaalde gedagte. Maar die tradisie het te sterk geblyk — die rym moes in elk geval gehandhaaf word, wat ons anders ook al moes prysgee.

Nou wil ek graag duidelik sê dat ek die estetiese betekenis en klankwaarde van rym in 'n vers geensins wil verkleineer nie. Die simmetrie en parallelisme van hierdie musikale spel van gelykluidende klanke het van altyd af 'n besondere bekoring gehad vir die oor sowel as oog en seker nie die minste daartoe bygedra om van die verskuns te maak die skoonste bloei van die woordkuns nie. Sulke eenderse rymklanke het ook die verdere praktiese voordeel dat so 'n rymvers maklik gememoriseer kan word, wat seker nie sonder betekenis is vir kinders wat die tekste in hul geheue moet opneem nie.


Maar — en dis 'n sterk maar hierdie — die altyd aanwesige gevaar daarvan is dat dit tog so maklik aanleiding kan gee tot 'n onbesieelde versmakery, waarby

dit in die eerste plaas gaan om die rym-ter-wille-van-die-rym. En dit behoef nie die minste betoog dat as die rym hoofsaak word, die poësie vanselfsprekend bysaak moet word of glad geen saak nie. Vandaar dat 'n skepper van soveel onsterflike rymlose verse soos Milton kon verklaar (sy dit dan ook met enige oordrywing, soos sy sonnette self bewys): „Rhyme is no necessary adjunct or true ornament of poem or good verse, in longer works especially, but the invention of a barbarous age, to set off wretched matter and lame metre.”

As algemene stelling is dit natuurlik te veel gesê, maar as die digter daarmee bedoel dat rym waardeloos is as dit die skyn van poësie wil wek waar daar geen poësie aanwesig is nie, dan het hy seker volkome gelyk. En dit is waar van menige vers in ons ou Gesangboek. Ek was wel daarvan bewus dat ons ou Gesangboek uit 'n letterkundige oogpunt naas veel moois ook veel minderwaardigs bevat, maar by die intensiewe bewerking daarvan het dit my eers getref hoe middelmatig dit oor die algemeen is en hoeveel voorbeelde van werklik erbarmelike retoriese klinkklank daarin voorkom. 'n Mens staan soms werlik versteld oor wat jy hier te sien kry. En dit het ons taak nog veel moeiliker gemaak as wat dit reeds was, want nou moes jy nie net 'n Nederlandse vers in dieselfde metriese vorm verafrikaans nie, maar jy moes boonop in baie gevalle nog op 'n hopeloos swak vers probeer verbeter ook.

Daarom moes voortdurend gewaak word teen verslapping van jou kritiese sin en afstomping van jou estetiese gevoel. Want as 'r mens weke aaneen onder geweldige spanning moet werk op vergaderings waar almal haastig is om klaar te kom (om maar te swyg van die slapelose nagte na sulke oggend-, middag en aand-sittings, of van die afmattende bringimnastiek van fantasiesverwarde rymdrome), en dan nog aaneen met swak verse moet sukkel, spreek dit vanself dat jou eie peil moet sak, sodat jy naderhand, al is dit dan uit blote vermoeide moedeloosheid, dinge aanvaar wat benede peil is.

Dat dit geen denkbeeldige gevaar is wat deur hierdie kerklike rymtradisie geskep word nie, kan uit 'n enkele voorbeeld soos die volgende blyk. In Ges. 30: 6 word die gedagte van Mat. 6: 26 vlg. oor die sorg van die lewe



Ds. P. B. Ackermann, in lewe een van die medewerkers in verband met die beryming van die Gesange.

as volg vertolk (ek gee net die eerste vier reëls):

Gij, die geen vogelken vergeet,
Ofschoon het van geen zaaijen weet,
En liliën, die nimmer spinnen,
Zoo kleedt, dat zij 't van Vorsten winnen

Hiervan het een van ons berymers in alle erns die volgende gemaak:

U wat geen voëltjie ooit vergeet,
ofskoon dit van geen voorsorg weet,
beklee die lilies sonder linne
met blank veel skoner dan
vorstinne

U sien dis weer die slepende uitgang plus die gevaarlike rymdwang wat maar na die eerste die beste (in hierdie geval die eerste en allerslegste) rymwoorde laat gryp om die reëls vol te kry. Al was dit nie so bedoel nie, het hierdie rymgoring in elk geval die uitwerking van 'n goeie grap gehad voordat dit met algemene stemme na die snippermandjie verwys is.

Hoeveel makliker 'n vers met staande ryme hom leen tot byna woordelike oorsetting, kan blyk uit 'n voorbeeld soos Ges. 49: 1. Die bekende ou teks lui aldus:

Verlosser, Vriend! o hoop, o lust
Van die U kennen, neem het lied,
Dat u in 't stof een stervling
biedt,

Een zondaar, die uw voeten kust;
Een zondaar, een verlost', o Heer!
En nu geen zondaar meer:

O! neem het aan,
Gij laat geen' bidder staan,
Gij hoort in Hemellingen
Verloste zondaars zingen;
O! neem het aan.

Dit is 'n teks van Jan Hinlopen uit die 18e eeu, maar later gewysig. Sy vyfde en sesde reëls was oorspronklik as volg: „Een zondaar? Een verlost', o Heer, / en nu geen zondaar meer.” U sien die verskillende interpunksie (vraagteken i.p.v. komma na „sondaar” in vyfde reël) maak nogal verskil in die betekenis van die sin, want daardeur word die feit in die sesde reël vermeld, des te sterker beklemtoon. Aanvanklik het ons dit net soos in die teks hierbo gehad: „'n Sondaar, 'n verlost', Heer, / en nou geen zondaar meer.” Maar later het ons die oorspronklike van Hinlopen (met 'maar i.p.v. en) aldus oorgeneem: „'n Sondaar? 'n Verlost', Heer, / maar nou

geen sondaar meer.” Uiteindelik is om verskeie redes die eerste lesing weer herstel, maar met 'n belangrike wysiging in die sesde reël: „'n Sondaar, 'n verlost', Heer, / in U geen sondaar meer.”

Die Skriftuurlike oorweging hierby was dat die mens in sigself, ook as verlost, tot aan sy dood nog sondaar bly, en dat hy dus alleen daarop mag roem dat hy in Christus geen sondaar voor God meer is nie. En as verder op die melodie gelet word, sal dadelik gevoel word dat die vraagteken, wat by die lees van die teks wel effektief met die nodige stemverhoging aangewend sou kan word, by die sing heeltemal uit die toon val en sy betekenis verloor. So het ons dan uiteindelik tot die volgende finale teks geraak:

Verlosser, Vriend, o hoop, o lus
van wie U ken, neem aan die lied
wat U 'n swakke sterfling bied,
'n sondaar wat u voete kus,
'n sondaar, 'n verlost', Heer —
in U geen sondaar meer!
o Neem dit aan!
U laat geen bidder staan;
U hoor in hemelinge
verloste sterweling —
o neem dit aan!

Die noukeurige leser sal opmerk dat ons stelsel van interpunksie aanmerklik van die oorspronklike verskil. Ook dit, kan ek u verseker, het nie vanself gekom nie, maar na baie wysigings met verloop van tyd eers vaste vorm gekry. Alleen oor die spelling en interpunksie van ons nuwe Gesangboek sou 'n hele artikel geskryf kan word.

Uit wat ek hier aangaande so 'n enkele vers meegedeel het, sal dit duidelik word met hoeveel verskillende aspekte (rakende kwessies van Skriftuurlikheid, duidelikheid, singbaarheid, poëतिक, esteties, taal, spelling, interpunksie, e.d.m.) by hierdie taak rekening gehou moes word. En in baie gevalle moes daar van twee of meer euwels maar die minste gekies word, omdat die nodige tyd vir rustige oorweging nie tot ons beskikking was nie. Ek wil ons Kerke wat hierdie eervolle maar hoogs verantwoordelike taak aan ons opgedra het, daar geen verwyf van maak dat lede van ons kommissie nie ten volle van hul gewone ampspligte losgemaak kon word om hul onverdeelde aandag aan die werk te kan gee nie, want dit het in enkele gevalle wel ten dele gebeur, maar in die meeste gevalle onmoontlik geblyk. Maar wanneer daar later

kritiek uitgeoefen word op ons nuwe Gesangboek, moet net daarmee rekening gehou word dat ons as gewone beroepsmense in gedurige wedloop met die tyd gewerk het, wat seker allermins bevorderlik was vir die gewenste afronding van ons taak. Hierin moet geen bedekte poging gesien word om geregverdigde kritiek te probeer voorkom of by voorbaat te ontwapen nie, maar alleen 'n blote konstatering van feite wat lig kan werp op moontlike tekortkominge, waarvan ons self ten volle bewus is.

Ek het hiervoor opgemerk dat ons op 'n later stadium van die werk afgesien het van die poging tot 'n nagenoeg woordelike weergawe van welbekende en geliefde verse, omdat dit haas onoorkomelike besware meegebring het. As voorbeeld van so 'n vryer bewerking kan ons kyk na Ges. 160: 1. Hier volg die ou teks:

Uren, dagen, maanden, jaren
Vliegen als een schaduw heen;
Ach! wij vinden, waar wij staren,
Niets bestendigs hier beneên!
Op den weg, dien wij betreden,
Staat geen voetstap, die beklift:
Al het heden wordt verleden,
Schoon 't ons toegerekend
blijft!

Dit is uit die pen van Rhijnvis Feith (18e eeu) wat, al staan hy origins nie hoog aangeskryf in die Nederlandse letterkunde nie, hier nietemin 'n weemoedige gesang gelewer het waarvan enkele verse tot die mees bekendes in ons ou Gesangboek behoort. Terloops moet net daarop gewys word dat sy sesde en laaste reëls oorspronklik gelui het: „maken wij niets ongedaan/doet ons allen schuldig staan.” Die latere wysiging, soos dit in die teks hierbo voorkom, is seker 'n verbetering.

Gerdener se oorspronklike bewerking van hierdie teks lui as volg:

Ure, dae, maande, jare
Vlieg soos skaduwees verby;
Alles wissel soos die blare,
Niks wat hier bestendig bly!
Op die weg, hoe vas ons skrede,
Staan g'n voetstap wat verbeid,
Al die hede word verlede,
Tot die lange ewigheid.

Dit het na die eerste hersiening die volgende vorm aangeneem:

Ure, dae, maande, jare
vlieg soos skaduwees verby;
alles bloei en val soos blare,
niks kan hier bestendig bly.
Op die weg, hoe vas ons skrede,
gaan ons voetspoor selfs verby:
al die hede word verlede,
skoon dit vir ons reekning bly.

Maar ook hierdie poging om so naby moontlik aan die oorspronklike te bly, het, soos u sien, maar 'n sukkelpoging gebly. Uiteindelik het na meerdere wysigings die volgende vryer bewerking van Malherbe uitkoms gebring en ons finale keuse geword:

Ure, dae, maande, jare
Vlieg soos skadu-drome heen,
en die wentelende jare
gaar verganklikheid alleen;
van ons ondermaanse swerwe
bly geen spoor of teken staan;
al wat word, moet kwyn en
sterwe,
waar die tyd se weë gaan.

As digterlike vertolking van die verganklikheidsgedagte oortref dit sonder twyfel die ou Nederlandse teks, al is daarin die gedagte van die verantwoordelikheid vir ons dade prysgee. Interessant is dit om hiermee te vergelyk Totius se vertolking van dieselfde gedagte,

(Vervolg op bladsy 44.)



Wyle ds. P. H. van Huyssteen, nog 'n lid van die kommissie wat nie die voorreg gehad het om die voltooiing van die werk te beleef nie.

Die Afrikaanse Gesangberyming

(Vervolg van bladsy 5.)

maar dan volgens die Skrifpsalm 90: 3-4. Dit lui as volg:

Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe?

Wat hê die mens, al is hom veel gegee?

U knak die steel van sy geswinde jare,

en hy gaan heen net soos die najaarsblare.

Want in u oog is duisend jare, Heer,

'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.

In die vers van Malherbe het ons dus 'n geval, soos daar tal van ander genoem kan word, waar ons nuwe Gesangboek die oue oortref in eenvoud en skoonheid van woord en beeld. Maar by sulke verwerkings wat feitlik oorspronklik genoem kan word, moes aan die ander kant weer gewaak word teen alte vry-digterlike skeppings. Want ons Gesangboek is natuurlik nie 'n gewone digbundel om ons estetiese gevoel te streel nie, maar 'n kerksangbundel wat aan die diens van God gewy is en wat die geloofs-belewinge en religieuse siels-behoeftes van die singende gemeente moet vertolk, waarby ook „die wat arm van gees is” nie vergeet mag word nie. As sodanig dra dit 'n heel besondere stempel wat ook heel besondere eise stel. Daarom was ons meermale genoodsaak om alte individualistiese taalwendings uit te skakel wat letterkundig wel as mooi vondste kon geld, maar buite die beyatlikheid van die gewone kerkganger sou val. As illustrasie kan hier dien Ges. 180: 1, waarvan die ou teks lui:

'k Wil U, o God! mijn dank betalen,

U prijzen in mijn avondlied;

Het zonlicht moge nederdalen,

Maar Gij, mijn Licht! begeeft mij niet.

Gij woudt mij met uw gunst omringen,

Meer dan een vader zorgdet Gij, Gij, milde Bron van zegeningen!

Zulk een ontfermer waart Gij mij.

Hervan het Gerdener aanvanklik gemaak:

O God, ek wil U dank ootmoedig,

U lofsing in my awendlied;

Al daal die sonnelig hoe spoedig,

U lig kan ek nog steeds geniet.

U het my met u guns genader,

U staan meer as 'n vader by;

O milde Bron en Seënader,

Sulk 'n ontfermer was U my.

Die kommissie het verskeie verdere bewerkings voor hom gehad en ten slotte die voorkeur gegee aan die volgende van Malherbe:

'k Wil U, o God, my dank ver-meelde

U lofsing in my awendlied:

al sink die son in einder-velde,

U self skenk my 'n lig-gebied.

U guns was rondom my, geringe,

U vadersorg gedurig by,

U, milde Bron van seëninge,

so 'n ontfermer was U my.

Maar daar het ter elfder ure bedenkinge ontstaan teen taalwendings soos „einder-velde” en „lig-gebied”, en so het die volgende alternatiewe bewerking van ds. P. H. van Huyssteen die finale teks geword:

Aan U, o God, my dankgesange —

U wil ek in my aandlied prys;

al kwyn die sonlig teen die hange,

u lig, my Lig, sal hoër rys.

U het my met u guns versadig

en as 'n Vader my beskerm,

met seëninge, so milddadig,

U dag en nag oor my ontferm.

Waar ek hier telkens voorbeelde van dr. Gerdener se eerste berymings naas latere tekste laat sien, is dit my natuurlik nie te doen om sy aanvoorwerk in 'n ongunstige lig te stel nie, maar ek doen dit om historiese redes. By die voltooiing van 'n groot werk soos hierdie is dit, net soos in die geval van die Bybelvertaling, van historiese belang om na te gaan waar en hoe dit begin het; en soos Totius op die gebied van die Psalmberyming, was Gerdener die eensame aanvoerder van die Gesangberyming, wat maar self sy koers moes vind sonder die hulp en raad van medewerkers. Daarom spreek dit vanself dat sy oorspronklike Halleluja-teks van honderd Gesange, net soos die oorspronklike Psalm-teks van Totius, later vir grondige hersiening en verbetering vatbaar geblyk het toe dit onder die soeklig van die gesamentlike Revisie-kommissie gekom het. Hy het dit trouens self bestempel as „'n brug na 'n uiteindelijke Gesangboek” (Voorwoord).

Ek sou nog verdere voorbeelde kon aanhaal van omskepping van sekere geleentheidsgesange om by ons eie geskiedenis en landstoestande aan te pas (bv. watersnood-gesange verander in droogte-gesange); ek sou kon wys op besonder geslaagde berymings van Skrifgedeeltes na aanleiding van die Vervolgbundel, o.m. deur dr. A. van Selms van die Hervormde Kerk; ek sou ten slotte kon stilstaan by oorspronklike werk van verskeie medewerkers ter aanvulling van sekere rubrieke. Maar ek het my perke reeds te buite gegaan en moet dus afsluit. Uit die voorbeelde met toeligtig wat ek hier kon gee, sal die belangstellende leser iets te sien gekry het van wat agter die skerms aangegaan het voordat die gordyn sal opgaan om die resultaat van ons werk bloot te lê.

Laat my ten besluite sê dat ons Kerk die versekering kan hê, as dit nodig mag wees, dat ons na die beste van ons beperkte vermoë die ideaal nagestreef het om 'n bundel te lewer wat die meerdere van ons ou Gesangboek sal wees. Of ons daarin geslaag het, sal ons Kerk self moet beoordeel. Daarom het ons by latere vergaderings herhaaldelik weer op reeds afgehandelde en goedgekeurde tekste teruggekom en hulle nogeens onder die soeklig geneem. Met verloop van tyd het die werk dan ook in gehalte toegeneem, en dit kan alleen maar betreuer word dat ons nie nog langer daarmee besig kon gebly het nie, want dan sou dit ongetwyfeld nog beter kon geword het as wat dit nou is. Maar oorlogsomstandighede en krankheid en dood het ons ten slotte gedwing om die taak maar af te sluit en die manuskrip aan die pers te oorhandig.

Dis met 'n gevoel van diepe weemoed dat ek hier 'n woord van innige waardering wy aan die nagedagtenis van twee van ons trouste medewerkers, di. P. B. Ackermann en P. H. van Huyssteen, wat reeds heengegaan het. Saam het ons verlangend uitgesien na die voltooiing en uiteindelijke verskyning van die boek waaraan ons saam soveel jare gewerk het. Mag die vrede waarvan hierdie boek so dikwels spreek, hulle deel wees.

Mev. Janse: „Selfs die beste vrou maak soms 'n fout.”

Mnr. Janse: „Ja, en die arme man moet dit eet asof hy dit geniet!”